

Gesonde begin, hoopvolle toekoms: Verbetering van die gesondheid van pasgeborenes in Afrika suid van die Sahara

Lizel Lloyd*

Elke kind verdien die beste moontlike begin in die lewe. 'n Gesonde begin baan die weg vir 'n hoopvolle toekoms, maar die kans op oorlewing van talle pasgeborenes in Afrika suid van die Sahara bly skraal. Pasgeborenes in hierdie streke ervaar steeds beduidende gesondheidsuitdagings, maar met die regte fokus en optrede kan ons blywende verbeterings teweeg bring.

Die tyd rondom geboorte is een van die kwesbaarste en kritieke venstertydperke in 'n mens se lewe. Ons moet vanjaar op Wêreldgesondheidsdag (7 April) besin oor die vordering wat ons gemaak het, asook die uitdagings aanpak wat steeds die gesondheid van moeders en pasgeborenes wêreldwyd bedreig. Dit is dus gepas dat vanjaar se tema, "Gesonde begin, hoopvolle toekoms", die gesondheid van moeders en pasgeborenes beklemtoon.

Dringende uitdagings

Sterftes van pasgeborenes verteenwoordig byna die helfte van alle sterftes van kinders jonger as vyf jaar. Baie van hierdie sterftes kom in Afrika suid van die Sahara voor. Talle van hierdie sterftes is te wyte aan voorkombare oorsake soos prematuriteit, infeksies en geboortekomplikasies. Beperkte toegang tot sorg van hoë gehalte vir moeders en pasgeborenes, veral in landelike gebiede en gebiede met onvoldoende gesondheidsdienste, vererger die probleem.

As ons die Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling (DVO'e) wil verwesenlik, veral die teiken om neonatale sterftes tot minstens 12 vir elke 1 000 lewende geboortes te verminder, moet ons die gesondheid van moeders en pasgeborenes met hernude dringendheid prioritiseer deur die volgende dwingende uitdagings aan te pak:

- **Infeksies:** Sepsis, longontsteking en meningitis hou steeds 'n groot bedreiging vir pasgeborenes in. Swak higiëne tydens geboorte, 'n gebrek aan robuuste infeksievoorkomingsmaatreëls, oorbevolking en vertraging in mediese ingrypings verhoog die risiko.
- **Beperkte toegang tot gesondheidsorg van gehalte:** Baie streke in Afrika suid van die Sahara ervaar tekorte aan geskoolde gesondheidsorgwerkers, onvoldoende intensiewesorg- en hoërsorgfasiliteite vir pasgeborenes, asook onbetroubare toegang tot noodsaaklike medisyne en mediese toerusting.
- **Antimikrobiese weerstandigheid:** Die oorbenutting en misbruik van antibiotika het toenemende weerstandigheid meegebring, wat dit moeiliker maak om infeksies doeltreffend te behandel.
- **Ongelykheid in gesondheidsorg:** Sosio-ekonomiese ongelykhede, verskille in gesondheidsorg tussen landelike en stedelike gebiede en sistemiese hindernisse verhinder dat baie moeders en pasgeborenes die sorg ontvang wat hulle nodig het.

Pak die uitdagings

Voorkoming is die hoeksteen van die gesondheid van moeders en pasgeborenes. 'n Veelvakkige benadering wat gesondheidsorgverskaffers, beleidmakers en gemeenskappe betrek, is nodig om die belangrikste oorsake van neonatale infeksies aan te pak deur:

- **Die verbetering van voorgeboortesorg:** Voorgeboortesorg is deurslaggewend vir infeksievoorkoming. Sifting vir infeksies by moeders soos sifilis, MIV en Groep B-streptokokkus (’n bakterie wat in die spysverterings- en geslagskanale voorkom en ernstige siektes by pasgeborenes en swanger vroue kan veroorsaak) behoort standaardpraktyk in alle gesondheidsorginstellings te wees.
- **Die verbetering van skoon en veilige geboortepraktyke:** Opleiding van vroedvroue en gesondheidsorgwerkers, versekering van skoon geboorte-omgewings, asook die bevordering van higiëniese praktyke kan infeksies aansienlik laat afneem.
- **Die verbetering van toegang tot noodsaaklike sorg vir pasgeborenes:** Versterking van gesondheidsorginfrastruktuur deur die vermeerdering van opgeleide beroepslui, die verbetering van intensiewesorgeenhede vir pasgeborenes en die versekering van die beskikbaarheid van lewensreddende medikasie is van kardinale belang.
- **Die verantwoordelike gebruik van antibiotika:** Die ontwikkeling van duidelike antibiotikariglyne, die verbetering van diagnostiek en die opleiding van gesondheidsorgwerkers (en die publiek) in behoorlike antibiotikagebruik kan help om weerstandigheid te bekamp.
- **Die bemagtiging van moeders deur opvoeding:** Opvoeding van moeders speel ’n deurslaggewende rol in die bekamping van neonatale infeksies en die verbetering van algehele kindergesondheid. Eenvoudige ingrypings soos die bevordering van vroeë en eksklusiewe borsvoeding, om gesinne oor die herkenning van gevaartekens van infeksie op te voed en om seker te maak dat postnatale behandeling plaasvind, kan moeders bemagtig om hul pasgeborenes se gesondheid te verseker.

Die pad vorentoe

Om neonatale gesondheid in Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara te verbeter, moet regerings, gesondheidsorgverskaffers en wêreldwye gesondheidsorganisasies saamwerk om veral in landelike gebiede en gebiede met onvoldoende dienste in neonatale sorginfrastruktuur te belê, insluitend toegang tot gepaste vervoerstelsels en ambulans vir oorplasings tussen fasiliteite. Hulle moet saamwerk om opleiding van en ondersteuning vir gesondheidsorgwerkers te verbeter, asook om beleid wat billike toegang tot sorg vir moeders en pasgeborenes bevorder, te ontwikkel en in werking te stel.

Voorts moet hulle tegnologie en innovasie benut om die diagnose en behandeling van siektes by pasgeborenes te verbeter. ’n Voorbeeld is die gebruik van infeksietoetse by versorgingspunte of siekbeddens, veral in gebiede met beperkte toegang tot gevorderde laboratoriumtoetse. Kunsmatige intelligensie en masjienleer wat gebruik word om sepsis by pasgeborenes te voorspel, is ’n spelbreker wat betref ingryping voordat kliniese agteruitgang plaasvind. Namate hierdie tegnologie meer toeganklik word, kan die integrasie daarvan in roetine- neonatale sorg ’n omwenteling in infeksiebestuur en -voorkoming meebring.

Kollektiewe verantwoordelikheid

Om ’n gesonde begin vir pasgeborenes te verseker, is nie net die verantwoordelikheid van gesondheidsorgverskaffers nie. Regerings, internasionale organisasies en plaaslike gemeenskappe moet saamwerk om ondersteunende omgewings vir moeder- en kindergesondheid te skep. Dit sluit in die aanpak van maatskaplike oorsake soos armoede, geslagsongelykheid en toegang tot skoon water en sanitasie, wat alles ’n regstreekse impak op pasgeborenes se gesondheidsuitkomst het.

Kom ons bevestig opnuut ons toewyding tot die prioritisering van die gesondheid van moeders en pasgeborenes op hierdie Wêreldgesondheidsdag. ’n Hoopvolle toekoms begin deur te verseker dat elke kind, ongeag waar hulle gebore word, die geleentheid het om te gedy. Deur in voorkoming te

belê, gesondheidsorgstelsels te versterk en innovasie te omarm kan ons nader beweeg aan 'n wêreld waar geen ma of pasgeborene weens 'n voorkombare infeksie sterf nie.

'n Gesonde begin lei tot 'n hoopvolle toekoms. Ons moet nou optree om dit vir almal 'n werklikheid te maak.

***Dr Lizel Lloyd is 'n neonatoloog in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid aan die Universiteit Stellenbosch.**